**Woensdag 14 Junie**
**Skrifgedeelte: Genesis 46:28-34**
**Fokusgedeelte: Genesis 46:29-30**
**Die heerlike vrug van versoening in die gesin is vrede en eensgesindheid**

Josef en sy familie is met mekaar versoen. Die hele familie trek na Egipte, omdat God deur Josef gesorg het dat hulle daar tydens die hongersnood versorg kan word en dat hulle die gesinsbande kan herstel. Die ontmoeting tussen Jakob en Josef na soveel jare van swaarkry, verlang, verwyt en wat nog nie alles nie, gryp ’n mens aan die hart!

Pa en seun staan in ’n lang omhelsing van innige hereniging! Jakob se woorde aan Josef verwoord die heerlike vrug van versoening in mense se lewens! Die vrug van sonde, van onmin en konflik is swaarkry, seerkry en verwydering tussen mense! Daar lê immers altyd ’n diep onvrede binne ’n mens oor die onmin tussen gesinslede en die gevolge daarvan. Dit kan ’n gesin verwoes!

Die vrug van versoening daarenteen is vrede en eensgesindheid. Jakob ervaar ’n diepe vrede noudat hy weer met Josef herenig is! ’n Vrede waarmee hy hom selfs met sy dood versoen! Hy kan nou maar sterf, daar is vrede in sy hart!

Hierdie heerlike vrede as vrug van versoening is gewortel in die vrede wat Christus tussen ons en God kom bewerk het. Ons lees in Romeine 5 dat ons as gevolg van ons sonde vyande van God was en dus in onmin en konflik met God geleef het. Die Here Jesus het egter deur sy offer aan die kruis vir ons sonde betaal en vrede tussen ons en God bewerk. Nou leef ons sonder vrees in ’n intieme verhouding met God ons Vader en ons kan in vrede met mekaar lewe.

Hierdie vrug van vrede word ook ’n heerlike werklikheid wanneer gesinslede mekaar vergewe en versoening bewerk. Ons ontvang die genade om mekaar te aanvaar soos God ons in genade aanvaar en die heerlike vrug van vrede te beleef. Vrede waarmee ons ook berus in God se wil en die pad waarop Hy ons lei.

So het die Here ook in Genesis 46 aan Jakob verskyn en hom gerusstel om na Egipte te gaan. Dit is deel van God se pad met Jakob en sy familie. In Egipte kon Jakob en sy hele huisgesin in vrede en eensgesindheid onder die hand van die Here leef. Dit is die wonderlike vrug van versoening.

*Sing: Psalm 133-1:1, 2*

*Ds. P Venter (Piet) (Potchefstroom-Oos)*